# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 31 tot 35

**Storie 1:**
Pennie die labrador ............. 2



**Storie 2:**
Mira se droomhuis ............. 17



EXTRACT PAGES

# Pennie die labrador



"Kom, Pennie, kom!" Drian en sy hond, Pennie, speel op die gras. Mamma sê vir Pappa: "Ek is bly die hondjie en Drian kan saam grootword." "Pennie is nog jonk, maar sy weet al klaar wie haar baas is," sê Pappa. Drian rol op die gras en Pennie spring met haar lomp beentjies op hom. "Sjoe, Pennie het my nou dors gespeel," sê Drian en hulle stap kombuis toe. "Volgende jaar gaan sy saam skool toe, want sy sal te veel verlang na my."
Pappa lag en skud net sy kop.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Drian gaan saam met sy pa rivier toe waar sy pa die dam dieper maak. Drian bou sy eie dam, maar Pennie grawe ’n dieper gat vir ’n dam. “Ek dink Pennie is honger, want sy kou aan my klere,” sê Drian. “Ek dink dis jóú maag wat skree,” spot Pappa en stop die stootskraper. Drian gaan huis toe. Hy gaan lê op sy bed met Pennie by sy voete.

"Waar is Drian en Pennie?" vra Mamma. "Ek sal hulle roep, want hulle was netnou honger," sê Pappa. Pappa kom met Pennie kombuis toe en sê: "Drian slaap al en Pennie tjank vir kos." Mamma dra vir Drian kombuis toe en gaan sit by die tafel. Drian drink 'n glas water. "Sjoe, Drian, jy drink darem baie water," sê Mamma toe hy vir nog water vra.



EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Later die middag lê Drian onder sy komberse.
“Ek kry koud en ek voel nie lekker nie,” sê Drian. Mamma kyk bekommerd na Drian en sê: “Ek dink ons moet môre dokter toe gaan. Jy moet nou eers slaap.” Drian vra: “Kan ek nog water kry, asseblief?” Daarna kruip Pennie tot by sy nek en lek sy oor.



EXTRACT PAGES

Pappa en Mamma drink tee en Mamma vra: “Wat het Drian by die rivier gedoen?” “Hy het met sy stootskraper naby my gespeel terwyl ek gewerk het,” sê Pappa. “Hoekom is hy dan so moeg? Het iets hom dalk gebyt?” vra Mamma. Sy hoor iets en gaan kyk in die badkamer. Sy sien Drian drink weer water.



EXTRACT PAGES

Die nag word Pappa wakker van Pennie wat blaf in Drian se kamer. Pappa roep vir Mamma en sy spring op en hardloop na Drian se kamer. “Ek kry hom nie wakker nie en die hele waterbottel is leeggedrink,” sê Pappa. “Bel die ambulans en sê vir hulle ons kry hulle op pad dorp toe! Ek gaan gou die bakkie uittrek, dan kom ek vir Drian haal,” sê hy.


"Vertel my wat gebeur het," sê dokter Moodley toe hulle in sy spreekkamer sit. Mamma verduidelik dat Drian nie wou eet nie, dat hy baie moeg was en liters water uitgedrink het.

"Ek dink ek weet wat die probleem is. Ons moet net eers toetse doen om doodseker te wees.
Ek dink Drian is 'n diabeet. Hy moet vanaand in die hospitaal slaap sodat ons na hom kan kyk," sê dokter Moodley.
Drian se ouers is baie bekommerd.

EXTRACT PAGES







Later die nag is Drian se mamma en pappa terug by die huis. “Liewe land, ons het skoon van arme Pennie vergeet,” sê Pappa. “Sy het die hele kombuis natgemaak.” Hulle drink warm melk en gee vir Pennie ook terwyl hulle oor alles gesels. Pennie gaan vir ’n paar dae by oom Hans se hondehawe bly terwyl Drian in die hospitaal is. Sy sal gelukkig wees by oom Hans by wie hulle haar gekry het.




Dokter Moodley staan in Drian se kamer toe hulle daar kom en hy verduidelik: “Drian, jy is ’n diabeet. Insulien is iets wat die suiker in jou bloed wegneem. Jou liggaam kan nie genoeg insulien maak nie. Ons sal dit vir jou moet inspuit.”

EXTRACT PAGES




Dokter Moodley verduidelik aan Drian se ouers hoe alles gaan werk. Hy vertel hulle ook na wie toe hulle kan gaan om te leer hoe Drian gesonder kan eet. “Julle moet hom mooi dophou en seker maak dat hy rustig slaap,” sê die dokter.

“Ons het vir Pennie by oom Hans gelos tot jy huis toe kom,” sê Pappa vir Drian.

“Ek is bly,” sê Drian, “want sy is baie lief vir oom Hans.”

Gelukkig hoef Drian nie meer as twee nagte in die hospitaal te bly nie. “Ek is so bly ons gaan nou vir Pennie haal,” sê Drian. Maar by oom Hans se hondehawe is Pennie se hok leeg.

“Pennie! Pennie!” roep Drian en sy ouers. Hulle soek orals, maar Pennie is weg. Drian is baie ongelukkig. Sy skouers hang en sy oë is vol trane.

EXTRACT PAGES




Drian wil nie eens met die hondjies wat oom Hans bring speel nie. “Ek is te moeg, oom Hans,” se Drian. Daardie nag pyn Drian se maag en hy voel naar.

Die volgende dag is Drian weer gesond genoeg om skool te te gaan. “Ek wil nie skool toe gaan nie,” sê hy. “Netnou word ek siek by die skool.”

“Drian, ek het gehoor van iemand wat dienshonde oplei om mense te help,” sê Mamma.

Maar Drian wil niks hiervan weet nie. Hy is te ongelukkig oor Pennie wat weg is.




EXTRACT PAGES




’n Paar maande gaan verby, maar Drian sien nie kans om ’n dienshond te kry nie. Uiteindelik oorreed sy ma hom: “Drian, dienshonde kan mense help, want honde kan ruik hoe mense voel.” Drian en sy ma gaan sien die volgende dag vir tannie Tessa wat dienshonde oplei. “Ek wil nie ’n hondjie hê nie.” Drian vertel haar van Pennie. “Ek is bang die hond raak weer weg,” sê hy tranerig. “Ek verstaan, Drian,” sê tannie Tessa, “maar jy het nou ’n hond nodig om jou te help. As ons eers saamgewerk het, sal ’n dienshond jou waarsku as jou suiker nie reg is nie. Sy sal jou wakker maak as jy aan die slaap raak omdat jou bloedsuiker te laag is.” Drian is lank stil en stem dan in: “Oukei, Tannie. Ek sal probeer.”

EXTRACT PAGES



Die volgende dag ontmoet Drian sy nuwe hond by tannie Tessa se huis. "Jy kan self vir haar 'n naam gee," sê tannie Tessa. By die agterdeur pyl 'n labrador op hulle af en gaan sit by Drian. Die hond druk dadelik haar snoet in sy nek en lek sy oor.

Iets omtrent die hond voel baie bekend. "Pennie?" vra Drian onseker. Die hond spring om onderstebo en sit haar voorpoot op sy skoot. Dit is sowaar sy Pennie! Drian omhels vir Pennie en begin huil van blydskap.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

"Waar het jy die hond gekry?" vra Pappa verbaas. "'n Man het vier maande gelede hier aangekom en gesê hy kan nie meer vir sy hondjie sorg nie. Iemand het vir hom gesê ek soek 'n hond, toe bring hy die hond vir my. Van toe af, voor Drian eet of na oefening, neem hy sy hemp vir tannie Tessa. Pennie ruik aan die hemp en só leer sy om te ruik as sy bloedsuiker laag is. Pennie moet dan in sy oë kyk en drie keer blaf. Baie gou begin Pennie verstaan wat sy moet doen om vir Drian te waarsku. Snags slaap sy met haar kop naby Drian sodat sy hom kan ruik.

Tannie Tessa kom kyk of Pennie nog alles reg doen en hulle begin oefen vir Drian se eerste skooldag saam met Pennie. Drian en tannie Tessa sit by ’n tafeltjie en teken of lees stories. Pennie moet leer om stil by hulle voete te lê terwyl hulle besig is. “Tannie,” sê Drian, “gaan die kinders nie vir my spot nie?” Tannie Tessa antwoord: “Ek dink nie so nie, maar mense is bang vir wat hulle nie ken nie. Vertel vir hulle van diabetes, dan sal hulle verstaan wat dit is. Jy kan dan ook al hulle vrae beantwoord.”



EXTRACT PAGES




Vandag is Drian en Pennie se eerste dag by die skool. By die skool kyk almal vir Drian en Pennie. Die skoolhoof vertel die kinders van suikersiekte en dienshonde, en hoe Pennie vir Drian help. Almal klap hande en Pennie groet die skoolhoof met haar voorpoot. "Jy moet soet wees en hard leer, Pennie," sê die skoolhoof.

EXTRACT PAGES

## Vrae:

1. Waar het Pennie gebly terwyl Drian in die hospitaal was?
2. Hoekom moet Pennie saam met Drian skool toe gaan?
3. Watter tipe hond is Pennie?